Hoe om die geskiedenis van die Afrikaner te behandel

Gebruik 'n werkkaart om die geskiedenis van die Afrikaner te behandel.
Graad: Gr 8 tot 12 | **Onderwerp:** Die geskiedenis van die Afrikaner

Stappe

1. Fotostateer die werkkaart oor die geskiedenis van die Afrikaner (DVD).
2. Sorg dat elke spanlid 'n pen/potlood het.
3. Laat elke spanlid die werkkaart voltooi deur die datums by die regte vraagnommer in te voeg. Datums wat gegee word is: 27 Februarie 1881; 1988 tot 1994; 1836; 6 April 1652; 1938 tot 1988; 16 Desember 1838; 1899; 1838; 1996; 1994; 1902 en 1938; 31 Mei 1902.
4. Gaan saam met die spanlede die werkkaart deur en kyk of hulle antwoorde korrek was.

Antwoorde:

1. Jan van Riebeeck word as stigter gestuur en sit voet aan wal aan die Kaap op *6 April 1652*.
2. In *1836* begin die spanningsvolle verhaal van die Voortrekkers. Piet Retief word in 1838 deur Dingaan, die Zoeloe-koning, se krygers doodgemaak. Op *16 Desember 1838* word die Slag van Bloedrivier geveg en Geloftedag het sy ontstaan.
3. Op *27 Februarie 1881* word die Slag van Amajuba beslis en hulle eerste oorwinning wat hulle as Afrikanergroep behaal het, word gevier.
4. Goud word 'n belangrike rede vir die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in *1899* – 'n oorlog wat die Boere 'n samehorigheidsgevoel gee.
5. Op *31 Mei 1902* word Die Vrede van Vereeniging gesluit.
6. Tussen *1902* en *1938* kom die Afrikanervolk op sy eerste wankelrige bene. Baie vooruitgang en terugslae word in die tydperk beleef.
7. Vanaf *1938* tot *1988* beleef die Afrikaner 'n bloeitydperk. Die Afrikaner word 'n sterk volk.
8. Die tydperk vanaf *1988* tot *1994* staan bekend as die val van apartheid.
9. In *1994* word die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika gehou en die ANC kom aan bewind.
10. In plaas van ondergaan, het die Afrikanervolk egter vanaf ongeveer *1996* 'n oplewing begin toon wat duidelik te sien is in die groot hoeveelheid Afrikaanse kunstefeeste en die opbloei in die Afrikaanse musiekbedryf.

Wenke

1. Kry 'n spreker of geskiedkundige om die onderwerp te bespreek.
2. Die geskiedenis van die Afrikaner is kortliks gedoen. Kyk na die Verkennerlewe vir 'n meer volledige perspektief of lees die boek Kaart en koördinaat deur dr. Danie Langner.
3. word om verveling te voorkom.